Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 5 Desember 1951. Prys 3d. Nr. 3.

# Voorsitter van Grootraad Wens Die O.B. Geluk

**Onder opskrif „Die O.B. Tien Jaar Oud," skryf die voorsitter van die Grootraad, prof. D. J. van Rooy, as volg na aanleiding van die tienjarige bestaan van Die O.B.:**

**Ons blad het die eerste tien jaar van sy loopbaan agter die rug. As ons dink aan die uiters moeilike omstandighede waaronder die blad opgerig is en nog steeds in stand gehou word, is dit geen geringe prestasie dat dit die tien jaar kon oorlewe nie. Aan die bestuur en die redaksie kom alle lof toe. Hul taak was en is inderdaad nie 'n maklike nie.**

Selfs onder normale omstandighede is dit 'n hele onderneming om 'n weekblad in stand te hou. En „normale omstandighede" het Die O.B. nog nooit belewe nie. Eers is hy van alle kante aangeval en verguis, daarna geïgnoreer. Hierin was die lot van die blad dieselfde as van ons beweging, die Ossewabrandwag. Maar net soos niks die beweging kon doodkry nie, kon niks ons blad tot swye bring nie. **Dit is die stem van die volksgewete wat hom elke week laat hoor.** Die leser kan miskien van hom verskil, tot kwaadwordens toe, negeer kan egter niemand hom nie. Dit prikkel, dit wek aksie by die een, reaksie by die ander.

### BEGINSEL

Want Die O.B. behandel aktuele stof op 'n aktuele manier. Gebaseer op die Christelik-nasionale beginsel, streef die blad vir die heil van land en volk. Teenoor die res van die wêreld — in besonder teenoor Groot-Brittanje en sy Ryk — word fier die republikeinse ideaal gehuldig en gepropageer. **Vir die eie volk bring hy die boodskap van hervorming, die verwydering van vreemde gode uit ons midde. Een daarvan is die vreemde en skadelike partypolitieke stelsel wat ons onderling verdeel en Engels- en Afrikaanssprekende teenoor mekaar in die harnas hou, die belangrikste.**

### GROOTRAADSBESLUIT

Gesteun deur die jongste Grootraadsbesluit gaan Die O.B. moedig en vol vertroue op die aangewese weg voort. Die stryd is nie teen die leiers of lede van een of ander bestaande party nie, allermins teen die lede van die herstigte Nasionale Party. Daarom word geen O.B.-lid belet, nou so min as ooit tevore, om partylid te word as hy wil nie. **Maar die stryd is, ook in hulle belang, teen die partywese as sodanig. En daardie stryd gaan voortduur totdat ons weer ons eie staatstelsel ingevoer het en ons eie president aan die hoof van 'n vrye onafhanklike Suid-Afrikaanse Republiek het.**

Aan Die O.B. ons dank vir die opofferende werk van die verlede en ons allerbeste wense vir die toekoms. Blaas die basuin helder en luid, weerstaan in die stryd teen die partypolitiek die versoeking om van partypolitieke metodes gebruik te maak en gee u lojale steun aan almal en alles wat ons nader bring aan die verwesenliking van ons hoë, heerlike volksideale.

# KOERS EN TAAK VAN O.B. DUIDELIK BEPAAL

## Adjunk-K.G. Oor Besluite van Grootraad

**Die onderleier van die Ossewabrandwag, mnr. J. A. Smith, skryf soos volg oor die jongste besluite van die Grootraad:**

**Deur sy besluite by monde van die Grootraad het die Ossewabrandwag sy voortbestaan as volksbeweging verseker. Hy het 'n wekroep laat hoor wat selfs die grootste twyfelaar hierdie feit laat besef en die wankelaar weer sy voete laat vind. Hy wat buite of binne die volksbeweging aan die ontbinding of uitsterwe van die Ossewabrandwag gedink of daarop gehoop het, is ontnugter tot die besef dat die land voor die begin van 'n nog groter ontwaking te staan gaan kom.**

**Die koers, pylreguit na 'n eervolle eindbestemming vir die volk, word deur daardie besluite as 'n hoopvoller toekoms, weg van die partytwiste wat ons volk nog altyd op die ashoop van die Britse politieke stelsel laat sit het, ingelui. As daar diegene is wat buite of binne die volksbeweging aan 'n ander rigting as 'n eie paty-vrye koers vir die Ossewabrandwag gedink het, dan wis daardie besluite daardie gedagte volkome en beslis uit. Wat die Ossewabrandwag se taak en koers betref, is daar vandag geen onsekerheid nie. Vir hulle binne die volksbeweging is daar geen twee rigtings om aan te dink nie, want, die besluite van die Grootraad is ondubbelsinnig.**

Die ideaal van die Ossewabrandwag is weereens kort en bondig neergelê.

**„Die Grootraad sien as positiewe taak van die Ossewabrandwag die voortdurende kragtige propagering van die republikeinse staat gevorm na die model van die tradisionele partylose republiek van Transvaal aangepas by die bestaanslewe van die volk op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied."**

### PRAKTIESE STAPPE

Daarbenewens het die Grootraad ook die taak van die Ossewabrandwag uitdruklik voorgeskryf:

**„Die Grootraad beskou dit die Ossewabrandwag se spesifieke taak om die praktiese stappe ter verwesenliking van die ideaal van 'n republiek met 'n eie Afrikaanse staatstelsel op die grondslag van volksregering in plek van die Britse partystelsel voortaan voor te berei."**

Vervolgens het die Grootraad die praktiese stappe wat gedoen moet word genoem:

Eerstens. „Propagering van die suiwere republikeinse ideaal."

Tweedens. „Bestudering van sy staatsbeskouings."

Derdens. **„Die skepping van 'n front so breed as moontlik van persone en groepe wat bereid is om die partystelsel te verwerp, reeds vir die huidige staat."**

### WANTROUE IN PARTYSTELSEL

Hiermee gee die Grootraad, soos hy dit konsekwent in die verlede gedoen het, ondubbelsinnig sy wantroue in die partystelsel as middel tot hervorming en die bereiking van die republiek, te kenne. Hierin is hy dieselfde mening toegedaan as o.a. die huidige eerste minister wat die weg van die verkryging van die republiek nie langs dié van partyaksie sien nie, maar deur middel van 'n volkstemming. Laat ons die implikasies van hierdie uitspraak reg verstaan, naamlik dat vir die stryd en verkryging van die republiek die lid van die Ossewabrandwag nie binne 'n party sy taak moet gaan soek nie, want die republikeinse aksie sal buite dié van 'n party moet plaasvind. **Daarom is die enigste praktiese moontlike weg: samesnoering van die volk buitekant en bokant die partypolitiek ten einde dringende staatshervormings teweeg te bring in voorbereiding vir die verkryging van die republiek.**

### PARTYPOLITIEK GELOS

Die Grootraad was, met die oog op heldere en praktiese leiding vir die volk en in sonderheid vir lede van die Ossewabrandwag, baie duidelik in sy uitspraak en opdrag aan lede. Hy laat hulle deur die tydelike beneweling as gevolg van die eenwording van twee nasionaalgesinde politieke partye heen sien deur te verklaar:

**„Ten einde dit te bewerkstellig (nl. die praktiese stappe na die republiek) is dit noodsaaklik dat die Ossewabrandwag hom geheel en al onttrek aan die partypolitiek en dat sy leiding hom uitsluitend en aktief bepaal by die bereiking van voornoemde doelstellings."**

### O.B. SAL HELP

**Die Ossewabrandwag, as sodanig, sal derhalwe doelgerig voortgaan as republikeinse volksbeweging, maar hy sal daadwerklik moet help met die skepping van 'n anti-partypolitieke front wat op sy beurt (bes moontlik op die parlementêre terrein) vir die dringende staatshervorming moet veg. Dit kan by ideale en doelstellings nie bly nie vandaar die „praktiese stappe" deur die Grootraad beveel. Uit hierdie antipartyfront sal die masjinerie om die partystelsel omver te werp moet spruit.**



MNR. J. A. SMITH

### IMPLIKASIES

En watter implikasies hou hierdie laaste opdrag verder in vir hulle wat koers moet aanwys en hul taak as leiers in die Ossewabrandwag moet uitvoer?

**Hul opdrag is om apart en buite die partypolitiek aktief op te tree vir die vervulling van hierdie taak. Want die stukrag vir 'n republiek met bogenoemde hervormings sal buite partye gesoek word om dit 'n volksaak te maak en te laat slaag.**

**Lede van die Ossewabrandwag se taak om Suid-Afrika te red uit die volkskadelike Britse partystelsel is derhalwe te vind, nie binne in 'n party nie, maar in 'n antipartypolitieke front. Dit was altyd die beleid van die Ossewabrandwag soos bepaal deur die Grootraad sedert 1941.**

### TOENADERING

En ten einde van sy kant sy bydrae tot die skepping van 'n anti-partypolitieke front of staatshervormingsbeweging te lewer is dit elke O.B.-lid se taak om toenadering van alle goedgesindes, persone of groepe, naarstiglik te soek. Dit is 'n plig wat die Grootraad op elke lid lê om nou die hande uit die moue vir die Groter Volksbeweging te steek en ywerig na kontakpunte te soek.

# STRYDOM EN MALAN OOR REPUBLIEK

**Hy hoop dat die Nasionale Party sy werk sal voortsit totdat sy strewe na 'n republiek en die beveiliging van die blankes se bestaan in Suid-Afrika bereik is, het mnr. J. G. Strydom, leier van die N.P. in Transvaal, verlede week gesê in Johannesburg by geleentheid van 'n eetmaal ter viering van die samesmelting tussen die H.N.P. en die A.P.**

Mnr. Strydom het voorts die hoop uitgespreek dat die Nasionale Party verenig sal bly en getrou aan sy beginsels.

**Met verwysing na mnr. Strydom, wat voor hom gepraat het, se verklaring het dr. Malan erken dat die uiteindelike strewe van die Nasionale Party 'n republiek is. Hy het bygevoeg: „Dit is ons party se beleid en ek probeer niks in daardie beleid verander of verberg nie."**

Dr. Malan het gesê dat sy party die republiek nie deur geweld nie, maar grondwetlik wil verkry. Voortgaande het hy gewaarsku: „As ons dit op daardie manier wil verkry, moet ons nie, soos so baie mense doen, die regte en vryhede wat ons reeds het kleineer nie."

### WEG VAN INDIË

„Ierland het 'n republiek geword deur te aanvaar dat hy kragtens dominale status daardie reg het en deur gebruik te maak van dié reg. Indië het eers vrye, soewereine onafhanklikheid gekry en toe 'n republiek geword."

Dr. Malan het gesê dat dit nie seker is of die volk se goedkeuring vir 'n republiek by die volgende algemene verkiesing of in 'n volkstemming verkry kan word nie. Hy dink persoonlik nie so nie.

Ten slotte het dr. Malan gesê dat „Suid-Afrika se assosiasie met die Britse Empire — tans die Britse Statebond — sal voortgaan so lank en so ver as dit in belang van Suid-Afrika is."

(Lees ons hoofartikel op bladsy twee.)

# BEJAARDE SE BYDRAE

**Tant Annie van Zyl van Swellendam, een van ons bejaarde en gewaardeerde leseresse, het een nuwe intekenaar vir Die O.B. gewerf. Sy skryf: „Ek is tog so bly dat ons koerantjie so mooi vorder. Ek kyk daarna uit die hele week."**

# Parlementêre Taal

Die voormalige Britse minister van verdediging in die Attlee-kabinet, Emmanuel Shinwell, het beswaar van Konserwatiewe kant uitgelok toe hy die volgende woorde in die parlement teen sy teenstanders gebruik het: „Dit is onmoontlik om sommige van hulle te beledig. As iemand in hul gesigte spuug, sal hulle dink dit is reën."

Die politieke „spel" neig blykbaar te ontaard tot 'n kinderspel in twyfelagtige omgewing.

DIE O.B., WOENSDAG, 5 DESEMBER 1951

# DIE WEG VAN INDIË LOOP DOOD VIR S.A.

Dit is verblydend om te merk dat die republikeinse hunkering van die Afrikanervolk nog so sterk is dat die Nasionale Partyleiers by geleentheid van hul partyfeestelikheid verlede week in Johannesburg nie nagelaat het om daaroor te praat nie. Min. J. G. Strydom het weereens beklemtoon dat dit die party se „uiteindelike doel" is om Suid-Afrika 'n republiek te maak, maar dat die vordering tot daardie doel oordeelkundig en stap vir stap moet geskied. As min. Strydom van 'n republiek praat weet almal wat hy daarmee bedoel. Sy ideaal, soos nog altyd gehuldig, is 'n republiek buite die Britse Ryk en as hierdie ideaal bereik kan word stap vir stap soos Ierland dit gedoen het, sal alle republikeine dit verwelkom. **Ierland het ook eers die soewereine status aanvaar en daarna met die Britse Statebond gebreek sodat hy vandag onafhanklik van die „lewende organisme" van die Statebond sy eie buitelandse beleid bepaal. Deel van hierdie buitelandse beleid is dat Ierland nie aan 'n oorlog teen Rusland gaan deelneem nie tensy Engeland voldoen aan sy eis om die noordelike graafskappe wat nog deel van die Verenigde Britse Koninkryk is, terug te gee aan Ierland.** Hierdie eis van die Ierse Republiek het reeds so 'n sterk indruk op die buiteland gemaak dat dit al weerklank in die Amerikaanse Kongres gehad het toe 'n voorstel 'n paar maande gelede ingedien is wat aandring op 'n volkstemming in Ierland oor die inlywing van Noord-Ierland. **Ons verwys hierna om aan te toon hoe noodsaaklik dit vir 'n klein landjie is om sy vryheidseise te stel wanneer die grotes oor hom verleë is.**

**GEVAARLIK**

In elk geval, die weg van Ierland het daartoe gelei dat hierdie land vandag heeltemal onafhanklik van die Britse buitelandse beleid staan. Indien Suid-Afrika dieselfde weg wil volg, soos min. Strydom blykbaar in gedagte het, sal ons dit verwelkom, maar dan moet dit baie duidelik aan die volk gestel word. **Enige tussentydse stap moenie as eindideaal verheerlik word nie**, en daarom, hoewel ons akkoord kan gaan met min. Strydom se stelling, voel ons minder gelukkig oor die hoofleier van die party se standpunt. By dieselfde geleentheid het dr. Malan in aansluiting by min. Strydom se toespraak na die voorbeeld van Ierland **EN Indië** verwys as koers vir ons, **en die betekenisvolle vermaning daaraan toegevoeg dat ons nie „die regte en vryhede wat ons reeds het moet kleineer nie."**

**Indië as Empire-republiek is nie 'n aanneemlike voorbeeld vir Suid-Afrika nie omdat hy in die eerste plaas nog nie 'n volkome republiek is soos ons ideaal beoog nie, en in die tweede plaas as Oosterse staat 'n middelpuntvliedende neiging weg van die Weste en dus weg van die Britse Ryk het—'n neiging wat uiteindelik 'n sterker mag kan blyk te wees as die verenigende invloede van die Britse Statebondsorganisme. Suid-Afrika daarenteen is deel van die Weste, en die konsoliderende neiging van alle Westerse lande teen die Oosterse gevaar maak dit vir Suid-Afrika baie moeiliker as ooit te vore om weg te breek uit die Britse Ryk omdat so 'n neiging deur teen- en buitestanders ligtelik vertolk sal word as 'n isolasiebeleid.**

**BRITTANJE BUIT DIT UIT**

En dit is van hierdie toestand wat Brittanje vandag die volste gebruik maak om 'n tussentydse stap na vryheid blywend van aard te maak deur middel van nouer informele aaneenstrengeling van die Britse Statebond op politieke, militêre en ekonomiese gebied. **Op papier word aan die dominiums nuwe „statusse" gegee, soos Indië voorverlede jaar ontvang het — 'n „republikeinse" status binne die Statebond waarvan die Britse koning nog die hoof is — maar in praktyk word 'n nouer samewerking as ooit tevore gehandhaaf.** Die gespes van die Empire-bande word wel losgemaak, maar intussen word die Statebondslande met onsigbare sydrade tot 'n ondeelbare eenheid saamgeweef. Ons sien dit in die magdom van Empire-konferensies wat in die jongste tyd mekaar op allerlei gebied opvolg: **Ons minister van verdediging was nog besig om in Nairobi oor Britse Empire-verdediging te konfereer toe word al weer 'n Empire-konferensie oor ekonomiese aangeleenthede in Londen belê; en ons minster van ekonomiese sake was nog in Londen 'n paar weke terug toe word ons minister van finansies al weer na 'n Empire-konferensie in Januarie uitgenooi, en mnr. Havenga sal nog nie behoorlik terug wees nie, dan sal ons eerste minister na Londen vertrek vir 'n premierskonferensie in Februarie; en intussen het ons minster van binnelandse sake, dr. T. E. Dönges, Empire-konferensies oor algemene V.V.O.-beleid in Parys bygewoon. En die doel van dr. Malan se gaan na Londen is juis om 'n nog nouer vorm van „raadpleging" te bespreek!**

**Op papier dus pragtige „vryhede en regte" wat ons nie mag kleineer nie, maar in praktyk 'n groter Empire-eenheid as wat Joseph Chamberlain, die veroweraar van die Republieke, ooit van gedroom het.**

In sulke omstandighede is dit baie gevaarlik om 'n tussentydse stap te gaan verheerlik as eindideaal soos dr. Malan reeds gedoen het na sy terugkeer uit Londen in 1949 toe hy in die Parlement verklaar het dat „as daar geen beperkings op ons vryheid gelê word nie" (met ander woorde, as Brittanje nie ons „regte en vryhede" kleineer nie) **„ons dan onder enige omstandighede in die Statebond wil bly."**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Republiek is Enigste Oplossing vir Rassestryd*

Een van my lesers — Pro Bono Publico — skryf uit Graaff-Reinet oor die artikel insake die derde wêreldoorlog wat in die Cape Times verskyn het en in ons blad herdruk is. Hy sê: „Die artikel in die Cape Times wat in 'n vorige uitgawe van Die O.B. verskyn het gee groot stof tot nadenking. As ek sulke artikels lees kry ek altyd opnuut spyt dat die Engelssprekende Afrikaners nie die ware geleentheid kry om die regdenkende Afrikaner se gesigspunt te bestudeer nie.

„Nasionalisme word ongelukkig deur die meeste Engelssprekendes vertolk as lidmaatskap van die Nasionale Party; en derhalwe beskou hulle dit as iets wat wesentlik anti-Engels is. Baie min dink ooit ernstig na oor die betekenis van nasionalisme. Die meeste word ongelukkig meegesleep deur die golwe van hul pers — waarin hulle oënskynlik meer geloof het as in hul Bybel.

„Dit ly geen twyfel nie dat baie van ons anti-Engels was en moontlik selfs nog is. Dank sy die leerstellinge van die Ossewabrandwag en ons leuse: Ek is my broeder se hoeder, het daar vir baie van ons 'n ander lig opgegaan. Die bitterheid het verander in 'n waaragtige oortuiging dat die omskepping van ons land in 'n republiek die enige ware oplossing is vir die rassestryd tussen Boer en Brit. Dit is die enigste manier om van ons almal egte Afrikaners te maak wat nie met die een voet nog in die land van hul herkoms staan nie. Ek beskou dat 'n persoon 'n egte Afrikaner kan wees al is Engels ook sy huistaal.

### *Afrikaners en Uitlanders*

„Die beskuldiging oor die een voet in Suid-Afrika en die ander in die land van sy herkoms slinger ek teen die hoof van elke uitlander — Hollander, Engelsman, Duitser, ens., wat die onnosele vermetelheid het om die Unie van Suid-Afrika as 'n ,kolonie' te beskou en derhalwe hooghartig weier om hom as sy een en enigste vaderland te aanvaar.

„Die Cape Times het die spyker op die kop geslaan oor toekomstige oorloë — wat ewe waar in die verlede was.

„Ons Afrikaners was nie gedurende die afgelope oorlog pro-Duits nie — ons het net gestaan vir Suid-Afrika eerste. Ons het mos geweet dat in die oorloë teen Duitsland — wat ons so graag wêreld-oorloë wil noem om ons sonde te bedek — daar miljoene betrokke sal wees en ons het aan onsself gesê dat die mannekrag wat ons kan bied die uitslag van die oorlog nie 'n jota of 'n titel kan beïnvloed nie. As ons gevolglik uit die oorlog gebly het, kan ons geproduseer en gelewer het in sodoende 'n geweldige sterk ekonomie opgebou het — instede daarvan het ons £1,000 miljoen in die water gegooi en bowendien is ons nog maar steeds van die buiteland afhanklik.

„Indien daar egter 'n persoon was wat uit oortuiging wou gaan saamveg het, kan hy sy paspoort na die land vir wie hy wou gaan veg gekry het. Indien ons Engelssprekende vriende wou gaan veg het sou niemand hulle daardie opoffering wou verbied het nie.

### *Ekonomiese Onafhanklikheid*

„Die kern van die saak lê egter daarin dat ons ekonomies en industrieel onafhanklik sou geword het as ons nie aan die oorlog deelgeneem het nie en dit is juis om daardie onafhanklikheid te bereik dat ons, nasionale Afrikaners, weier om aan Europese oorloë deel te neem.

„Die storie dat ons uit die buiteland kan aangeval word is 'n uiterste stukkie onsin wat destyds verkondig is; en die idee om ,beskerming' in die Britse Statebond te soek is niks anders as 'n bangmaak-gogga nie — die gogga wat vir baba bang en gevolglik inskiklik moet maak. Indien die verrassende gebeur het en Suid-Afrika uit die buiteland aangeval is, sou dit vanselfsprekend in belang van die ander lande gewees het om ons produksie vir hul eie doeleindes te beskerm. Want oorloë word per slot van sake tog maar as gevolg van besigheidsjaloesie gevoer, ten spyte van die mooi propagandistiese redes wat opgedis word.

„Dit sou tog baie gaaf wees as die ander Engelse nuusblaaie net soos die Cape Times, die ware gesigspunt van Suid-Afrika eerste — selfs teenoor Engeland aan ons Engelssprekende vriende wil verduidelik."

### *Ongerymdheid van Pryse*

Ek het nog 'n brief uit die Karoo ontvang. 'n Leser, „Vleisskaarste" skryf uit De Aar: „Die mielieblaarklub het al bespreking oor die vleiskwessie belet — ek hoop jy het nie.

„Volgens statistieke is daar oor die hele wêreld 'n groot tekort aan alle kossoorte — die boer blameer die belastings vir die inkrimping van sy produksie. Suid-Afrika is nie 'n uitsondering op die wêreldreël nie. As ons nie vroegtydig begin plan maak nie sal ons oor 'n kort tydjie 'n ondervoede volk hê.

„As 'n mens egter begin navraag doen oor pryse en jy hoor wat die produsent kry en wat die verbruiker moet betaal, dan staan jy verstom. Waarom is daar so 'n geweldige verskil tussen die pryse wat die boer ontvang en wat die dorpenaar moet betaal? Wie steek al die geld in sy sak? En hoe kan die ongerymdheid reggemaak word?

„Ek dink dat die K.W.V. vir ons hele volk 'n voorbeeld is. Waarom kan alle produsente nie op dieselfde wyse koöpereer nie? Instede daarvan kry ons koöperatiewe winkels, wat die gevaar van monopolies inhou en wat terselfdertyd kompetisie en private inisiatief doodmaak.

### *Denemarke se Voorbeeld*

„Denemarke leer vir ons die les. Produsente koöpereer en bemark onderhewig aan winsbeheer. Prysbeheer, soos ons dit in Suid-Afrika ken, gee sekuriteit net vir die winsmakers; nog nooit het die slagter so ryk geword in die vrye mark soos vandag in die beheerde mark nie.

„As die vleisboere in 'n groot koöperasie verenig word, self bemark, hulle eie vleis inlê, en neweproduktefabrieke op sentrale plekke oprig, kan verspreiding behoorlik versorg word.

„Dit is reeds laat. Maar nou is die tyd om laat te begin. Moenie wag totdat die hongersnood die land beetgepak het nie — dan sal dit heeltemal te laat wees.

„Partyregerings het nie die moed om drastiese stappe te doen nie — daarom doen hulle die populêre dinge wat gewoonlik tot nadeel van die toekoms strek. Regerings verander, partye verander, die geslagte bring stemme uit, maar die vaderland bly altyd bestaan om nuwe geslagte te dra. Daarom moet ons darem nie net na ons eie tydelike belange kyk nie. Ons moet aan die nageslagte 'n werklike nalatenskap laat sodat hulle nie hul voorouers hoef te verwyt nie."

### *Produsentebemarking*

My leser het die K.W.V. genoem en voorgehou as 'n voorbeeld vir die hele volk. Hy is ongetwyfeld reg insoverre die K.W.V. sekerlik beskou mag word as die mees geslaagde produsente-koöperasie in ons land. Maar hy is tewens doodreg wanneer hy die addisionele funksie van bemarking aan die produsente-koöperasie wil toeken.

Op elke jaar se oes beloop die verskil in die pryse wat die boere ontvang en wat die verbruikers daarvoor betaal miljoene ponde. Dit geld nie alleen vir die jaarlikse wynproduksie nie, maar ook vir die jaarlikse produksie van alle voedselsoorte. Hierdie ongerymdheid bied ruime geleentheid om die lewenskoste drasties te besnoei. Maar dan moet daarmee 'n begin gemaak word, soos my leser tereg aantoon.

'n Partyregering sal hierdie ongerymdheid nooit oplos nie. My leser spreek met die wysheid van ervaring wanneer hy sê dat partyregerings nie die moed het om drastiese stappe te doen nie. Ek kom weer terug na die K.W.V. toe. Waarom gee die regering nie aan die K.W.V. die reg om die wynbou se produk in Suid-Afrika te bemark nie? Sodra dit gebeur sal die prys van drank onmiddellik daal. En aspirant-kopers sal nie langer gretig wees om duisende ponde vir 'n drankwinkel te betaal — om net maar die lisensie in die hande te kry nie.

En wat vir drank geld, geld vanselfsprekend ook vir vleis en ander voedselsoorte.

Indien daar van my lesers is wat die afronding van die koöperatiewe ideaal in ons land verlang; wat verlang dat produsente-koöperasies bemarking moet waarneem onderhewig aan winsbeheer, m.a.w. op die grondslag van 'n koste-plusstelsel, dan wil ek aan sodanige lesers sê dat hulle verlange met hulle sal wees solank as wat ons land deur politieke partye regeer word.

Hulle verlange kan eers bevredig word nadat die partystelsel afgeskaf is en die land deur volks- en beroepsverteenwoordigers regeer word.

### *Hoopvolle Verskynsel*

Ek wil graag 'n woordjie van dank en waardering uitspreek aan die talle lesers van Die O.B. wat so vriendelik is om nuwe intekenare vir ons blad te werf. Ek hou die aankondigings op die voorblad dop en tot my blydskap sien ek dat Die O.B. elke week besoek gaan aflê by etlike nuwe huisgesinne in ons land. Dit is uitstekend. Ek verwelkom dit van ganser harte.

Daarom bedank ek die getroue lesers van ons blad wat sorg dat nuwe lesers die blad ontvang.

(Vervolg op bladsy 3 kolom 1)

# 'N VERENIGDE EUROPA IS FRANKRYK-DUITSLAND

**Dit is verblydend om te sien en te hoor dat in die laer van die Westerse moondhede altyd meer en meer stemme opgaan wat die Europese politiek van die Geallieerdes kritiseer en deur feite bewys dat Amerika, Engeland en Rusland glad nie 'n oplossing van die Europese vraagstuk begeer nie. Generaal de Gaulle, die leier van nasionale Frankryk, het met sy reguit spraak en drastiese manier al baie keer op die gevaar van die verkeerde Europese politiek gewys. 'n Kort tydjie gelede het hy aan Amerikaanse en Engelse koerantmanne gesê dat die Europese leër 'n mengsel van alchemieë, algebraïese kombinasie en kabalistiese formule is. En boonop belaglik is omdat daar glad nie 'n verenigde Europa bestaan nie.**

Generaal De Gaulle is 'n bekwame generaal en 'n deskundige van tenkoorlog. Sy oordeel oor die Europese leër is daarom vir die Atlantiese Verbond vernietigend. De Gaulle slaan die spyker op die kop, aangesien die nasie wat so baie en hard oor Europa praat, nl. Engeland — met sy leër glad nie aan die Europese leër behoort nie.

Die Atlantiese Verbond bestaan sedert April 1949 en eenderde van die Europese lande is lede van die bond. Daaraan behoort Engeland, Frankryk, België, Holland, Denemarke, Noorweë, Italië en Frankryk. Daarvan is Frankryk, Holland en Italië lede wat nie vrywillig aangesluit het nie, maar onder die druk van Amerika kon hulle niks anders doen nie.

Die tweede kategorie van Europese lande wat neutraal wil bly is ook een-derde van Europa en bestaan uit Swede, Finland, Duitsland, Oostenryk, Ierland, Switserland en Spanje.

Die derde kategorie, ook eenderde van Europa, bestaan uit die Oossee-lande, Pole, Tsjeggo-Slowakye, Hongarye, Rumanië en Bulgarye. Die lande is onder die heerskappy van Rusland en daardeur teen die Atlantiese Verbond gekant.

### GROOT AGTERSTAND

Die politiek van die Atlantiese Verbond wat onder die leiding van Amerika-Engeland staan, is nie vir 'n verenigde Europa nie, maar wel teen 'n Europese vereniging. Op die militêre gebied heers in die Atlantiese Verbond 'n fiasko. Sedert 3 jaar het die Verbond net 3 divisies opgestel en Amerika 2. So is daar op die oomblik net 5 divisies wat gereed staan ten 2 miljoen Russiese soldate.

**'n Apokoliptiese atmosfeer van diepe onsekerheid, vrees en verwarring hang oor Europa.**

In so 'n tyd doen dit baie goed om van vooraanstaande politici te hoor wat hulle oor die politiek van die Geallieerdes dink.

Op 'n vergadering van generaal De Gaulle se volksbeweging in Parys het die generaal verklaar dat hy dit noodsaaklik vind dat Frankryk in die eerste plek saam met Duitsland, die twee magtigste faktore in Europa, bymekaar moet kom en oor Europa tot 'n ooreenstemming geraak. Die generaal wil dat nie alleen oor militêre maar veral ook oor ekonomiese vraagstukke gepraat moet word.

### HOOPVOL

Dit is 'n hoopvol teken en die nasionale Duitsland dink dat die tyd gekom het dat die probleem van die vereniging van Europa deur Europeane moet opgelos word en nie deur buitelandse moondhede nie.

Die nasionale Duitsland is deurdring van die idee dat 'n Duits-Franse ooreenkoms 'n voorwaarde en 'n grondslag is vir 'n verenigde Europa en vir 'n blywende vrede.

Reeds in die jaar 1935 het dr. Otto Strasser 'n boekie geskrywe oor „Europese Federasie." In die tydskrif is die grondtesis neergelê dat die fondament van elke Europese samewerking die ooreenkoms van Frankryk en Duitsland is.

Destyds het Churchill baie wild geword as iemand met hom oor Europa praat. Vandag beroem hy hom op die titel "Champion of a United Europe." Natuurlik is Churchill se Europa iets anders as die Europa wat die Europeane begeer.

### NET PRAATJIES

Wat doen die Geallieerdes en die Champion Churchill? Praatjies en kongresse en dit altesame is niks anders as seepblasies nie, of erger — doelbewuste misleidings omdat almal die fondament ontken of dit wil omseil.

Die maghebbers van die Weste en die Ooste wil glad nie 'n verenigde Europa hê nie, inteendeel hulle doen alles om 'n vereniging van Europa te belet.

Daar is Engeland wie se politiek in Churchill beliggaam is. Churchill se politiek is die strewe na die „balance of power" (magsewewig) wat hom die moontlikheid bied om die leidende moondheid in Europa te bly. Uit die politiek van die Arbeider-regering het geblyk dat ook hy teen die planne van Schumann gekant was ofskoon die Schumann-plan glad nie 'n verenigde Europa wou skep nie.

Churchill se Europa-plan beoog niks anders nie as om te probeer om die res van Europa wat nie deur Rusland beheers word nie as sy vasale te organiseer en as „vreemde legionêre" teen Rusland te laat marsjeer.

**Dit was die groot imperialis, Jan Smuts wat in 1943 'n Europese strategie ontwikkel het. Smuts het sy strategie by Churchill aanbeveel en dit as die enigste en laaste moontlikheid beskryf om die Britse Empire te red.**

Dit beoog niks anders nie as die skepping van 'n ver vooruit geskowe vesting van Engeland in Europa.

### VREES MEDEDINGING

Amerika se offisiële politiek en sy ekonomiese kringe onder leiding van Baruch, wil van 'n verenigde Europa niks hoor nie. Hulle sien in 'n verenigde Europa die enigste en grootste industriële mededinger.

Daarom volg Amerika dieselfde beleid as Engeland, nl. **om die vrye lande van Europa tot sy vasale te maak en hulle vir hom teen Rusland te laat veg.** Die vasale is reeds onder die naam Atlantiese Verbond georganiseer.

Die beslissende politiek van Washington en Londen is om Duitsland vir goed militêr, polities en ekonomies uit te skakel. Dié doel was die dryfkrag in die 1ste sowel as die IIde Wêreldoorlog en sal nou deur die Atlantiese Verbond vir goed verseker word.

**Die verdeling van Duitsland in Oos-Duitsland aan Rusland en Wes-Duitsland aan die Westerse moondhede maak albei dele tot speelballe van militêre en ekonomiese politiek van die oorwinnaar.**

### NASIONALE TEENSTAND

As 'n surrogaat vir 'n verenigde Europa het Amerika die Europeane 'n Europese leër geskenk wat in werklikheid Amerika-Engeland se vreemde legioen in Europa is.

Die ontleding bewys dat die maghebbers van Wêreldpolitiek, Amerika-Engeland en Rusland glad nie 'n verenigde Europa wil hê nie. En daar is maar net twee teenstanders van dié politiek, nl. die nasionale Frankryk en die nasionale Duitsland.

**Vir die Europeane bly net twee weë oop, nl.:**

**(1) Om afstand te doen van 'n verenigde Europa; of,**

**(2) Te verenig sonder die toestemming van Amerika-Engeland en Rusland.**

As hulle afstand doen van die vereniging van Europa sal die huidige onmag van Europa ewig bly. Dan sal 'n halwe Duitsland 'n vasal van Rusland wees en die ander helfte 'n vasal van Amerika net soos Frankryk reeds 'n vasal van Amerika is.

**Maar die nasionale gees van Frankryk en Duitsland kan nie, en wil nie 'n vasal van 'n buitelandse moondheid wees nie.**

## Deur Ski

## Van Die Os Op Die Esel

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

Ek vertrou dat die nuwe lesers Die O.B. met instemming en smaak sal lees.

Die toename in die leserstal van ons blad is 'n verblydende en hoopvolle verskynsel. Dit is 'n riem onder die hart van elke getroue lid van die Ossewabrandwag. En tereg ook want dit is 'n teken van die lewe wat bruis.

Ek wil my lesers aanmoedig, soveel as wat ek kan, om alles in hulle vermoë te doen om nuwe lesers vir ons blad te werf. Dit is 'n groot en vrugbare werk wat elkeen kan doen. Aan diegene dat lus het om te help, gee ek die volgende leuse: Hande uit die mou, en aan die werk!

## Blanke Vrou Verhoor deur Naturelle

Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suidelike Afrika word 'n blanke vrou hierdie week deur 'n regbank bestaande uit naturelle verhoor. Die vrou is Ilse Steffen wat saam met haar man, Oskar en 'n bediende in Swasieland verhoor word op aanklag van moord van 'n blanke vrou.

Die regbank bestaan uit die hoofregter van die Britse Protektorate, sir Walter Harragin, bygestaan deur twee blanke en twee naturelle-assesore.

# EUROPESE LEËR NOG MAAR NET BELOFTE

**Die „Europese Leër" waaroor al maandelank gepraat word, het darem nou so ver gevorder dat die raad van die Noord-Atlantiese Verbond nou eindelik die belofte het dat „konkrete planne" vir die leër teen Februarie opgestel sal wees. Volgens die jongste besluite sal die leër saamgestel word uit Franse, Duitse, Italiaanse en Denelux- (Holland, België, en Luxemburg) troepe.**

Brittanje weier om enige deel aan die leër te hê en die ses deelnemende lande sal 43 divisies op die been bring (hul gesamentlike bevolking tel 160,000,000).

In 'n persoonderhoud het die Britse minister van buitelandse sake, Anthony Eden, gesê dat die politieke moeilikhede wat in die pad van die Europese leër staan, nog onopgelos is.

## TEEN BRITSE BEHEER

**„Solank die beheer oor naturellesake in die hande van die Britse regering, en veral in die koloniale kantoor is, is daar hoegenaamd geen hoop op nouer samewerking nie," het mnr. R. O. Stockill, leier van die opposisie in Suid-Rhodesië verklaar. „Wanneer gaan hierdie mense (Lyttleton en sy voorganger, Griffiths) besef dat hulle meer kwaad as goed doen aan die mense wat hulle volgens hul bewerings wil help."**

## Rumatiekkoors Allig Bestry

Rumatiekkoors kan binne afsienbare tyd uitgeskakel word as 'n bedreiging vir kinders, volgens dr. B. Massell van Boston, V.S.A. Hy meen dat die gebruik van cortisone, ACTH en penicillin die siekte, wat jaarliks ongeveer 25,000 kinders se dood veroorsaak, onder die knie kan bring. Cortisone en ACTH onderdruk die siekte, terwyl penicillin en ander antibiotiese middels verhoed dat 'n herhaling van rumatiekkoors plaasvind.

## Swaar Verliese In Korea

Sedert die uitbreek van die Koreaanse oorlog op 25 Junie 1950 het die Amerikaanse magte aldaar meer as 100,000 verliese gely, waarvan 17,000 dood en 11,000 vermis word. Van laasgenoemdes word die meerderheid ook as dood aanvaar, hetsy gesneuwel of deur die vyand as gevangenes vermoor.

**Die verliessyfer oortref dié van die Tweede Wêreldoorlog vir 'n dergelike tydperk, volgens mededeling van die Amerikaanse departement van verdediging.**




Waar u ook mag wees

**Kommando**

is die gewildste

Suid-Afrikaanse sigarette




GI-3056-AF

# WESTE SPEEL IN HANDE VAN RUSLAND

(Ons Duitse Korrespondent)

**Die Wes-Duitse kanselier, dr. Adenauer, is verlede maand skielik na Parys ontbied vir samesprekings met die drie Westerse moondhede nadat die wekelange onderhandelinge oor 'n sogenaamde algemene verdrag ter opheffing van die besettingstatuut met die drie hoë kommissarisse in Bonn nie tot eenstemmigheid kon lei nie.**

**Die hoopvolle verwagtings wat aan die Washingtonse besluit geknoop was, het weldra plek gemaak vir 'n diepe ontnugtering toe dit begin blyk dat in die plek van die beloofde gelykwaardige vennootskap die Bonn-regering 'n algemene verdrag aangebied is wat niks meer as 'n hersiende besettingstatuut is nie. Die regte wat die drie Westerse moondhede vir hulself voorbehou rus nog steeds — sewe jaar na die oorlog — op die status van „onvoorwaardelike oorgawe."**

Hulle glo dat hulle Duitsland se soewereiniteit maar net in sover kan teruggee as wat dit met sy verdeelde toestand verenigbaar is. In sover hierdie besondere regte van die Geallieerdes net betrekking het op die verdeeldheidstoestand, sal niemand in Duitsland daarteen beswaar kan maak nie. Maar wanneer dit die beheer ook op verskillende ander gebiede insluit soos navorsing, of wanneer hulle met behulp van hierdie besondere regte Duitsland wil dwing om die Neurenberg-vonnisse te bekragtig, dan stel mens jou met reg die vraag of dit nog iets met die verdeeldheid van Duitsland te doen het.

### RUSSE GRYP IN

Midde in die samesprekings oor die „onopgeloste punte" van hierdie algemene verdrag het die Oos-Duitse regering met sy oproep gekom vir gesamentlike beraadslagings oor die uitskrywing van verkiesings vir die hele Duitsland en die bespoediging van 'n vredesverdrag.

**Die Sowjet, sonder wie se toestemming die Oos-Duitse regering vanselfsprekend geen stap kan doen, het geweet waarom hy juis hierdie tydstip uitkies: Wes-Duitsland was deur die verdragseise van die Geallieerdes, wat nie daaraan gedink het om Duitsland die beloofde gelykwaardige vennootskap te skenk nie, diep teleurgesteld.** Adenauer het hard onderhandel om die gevaar van so 'n verbittering by die volk af te weer. En juis hierdie oomblik benut die Sowjet om met 'n radikale koersverandering in sy Duitse beleid tevoorskyn te kom. Oornag het hy sy propagandarigting verander: Wes-Duitsland wat tot nog toe „bondgenoot van die Westerse imperialisme" was, moes ewe skielik saam met die „Witboek oor die herrysenis van die Duitse Imperialisme," wat maar in Augustus eers in Oos-Duitsland herverskyn het, verdwyn. Die Oos-Duitse regering was plotseling bereid om rondom een tafel te sit met die Wes-Duitse „imperialiste" om oor die hereniging van Duitsland en die welvaart van die Duitse volk te beraadslaag.

### EIS ONDERSOEK

Die Wes-Duitse regering het geantwoord met 'n verklaring wat veertien uitgewerkte punte bevat waarin beslis geëis word dat 'n onsydige kommissie onder toesig van die V.V.O. in albei Duitse state ondersoek instel na die moontlikheid van vrye verkiesings in die huidige omstandighede. Eers daarna kan oor 'n vrye verkiesing gesels word. Hierop het eerste minister Grotewohl geantwoord dat die veertien punte meer of min aanneembaar is, maar dan kom die belangrikste sin: „Ons Duitsers het alleen die reg en plig om te bepaal of vrye verkiesings moontlik is." Dus, geen onsydige beheer! Dit sou natuurlik selfmoord wees.

### BUIT TOESTAND UIT

Intussen is die voorstel van die Wes-Duitse regering dat 'n internasionale kommissie aangestel moet word by die V.V.O. in Parys ondanks die beswaar van Oos-Duitse kant op die agenda geplaas. Maar dit sal nog geruime tyd duur voordat dit behandel word, en intussen het die Sowjet geleentheid om die spanning aan te blaas wat daar tussen dr. Adenauer en die opposisieleier, dr. Schumacher, bestaan oor die vergeefse onderhandelings van Adenauer met die Geallieerdes. Andersyds sal die verwarrings-maneuwer in verband met Duitse samesprekings miskien ook onrus en tweedrag in die Duitse volk stig. Wanneer selfs die Duitse opposisieleier in verband met die wetsontwerp van die kabinet oor die verkiesing van 'n Duitse volksvergadering vir die opstelling van 'n grondwet verklaar dat „die Bondsregering ten sterkste bots met die onvervreembare beginsel van elke vrye demokrasie wanneer hy 'n deur die besettingsowerheid opgedronge verkiesingstelsel vir 'n volksvergadering voorstel," en die Oos-Duitse Grotewohl byna dieselfde sê, nl.: „Dit is geen Duitse wet nie maar 'n Geallieerde wet," hoe sal die Duitse volk self nog regkom?

### DUITSE BEGEERTE

Die algemene verdrag vir die opheffing van die besettingstatuut het nie veel bygedra om die Duitse volk van die opregtheid van 'n volwaardige vennootskap te oortuig nie. Dat die hele Duitse volk ten gunste van aansluiting by die Weste is en dat die Duitsers in die Kommunisties-besette deel sedert dag en jaar weg om van hierdie juk bevry te word, weet die Russe nog beter as wat die Westerse moondhede wil glo. 'n Gesamentlike Duitse verkiesing onder neutrale toesig sal dit bewys. Maar die Sowjet sal hom nie op hierdie gevaarlike terrein begewe nie. Duitsland is vir hom te veel werd dat hy ook maar 'n duim daarvan sal prys gee. Hy sal dus nie toelaat dat 'n internasionale kommissie die moontlikheid van 'n vrye verkiesing in sy besettingsdeel sal ondersoek nie. Indien hy dit tog toelaat, sal dit alleen teen 'n nog hoër prys wees, naamlik die versekering dat geen Wes-Duitse troepe op die been gebring sal word nie.

# BESETTINGSTATUUT WORD GEWYSIG

(Ons Duitse Korrespondent)

**Op 22 November is uit Parys berig dat daar eenstemmigheid bereik is tussen die Franse, Britse en Amerikaanse ministers van buitelandse sake en die bondskanselier van Wes-Duitsland, dr. Adenauer, oor die onopgeloste punte in die algemene verdrag wat die opheffing van die besettingstatuut vir Duitsland beoog. In 'n radiorede het dr. Adenauer dit 'n politieke gebeurtenis van die allergrootste betekenis" genoem. „Ons het tans vaste grond onder ons voete. Ons staan nou in die Weste en moet daarmee ook die pligte aanvaar wat daarmee saamhang," het hy gesê.**

Die inhoud van die samesprekings sal nog geheim bly totdat die verskillende besonderhede uitgewerk is. 'n Verklaring wat daaroor uitgereik is lui dat dit die doel van die vier regerings is om onafhanklike verdragsreëlings tussen Duitsland en sy voormalige vyande te verkry wat as grondslag kan dien van 'n duursame vrede. Op die grondslag van gelykwaardige vennootskap sal die toetrede van die Wes-Duitse republiek tot die Weste voltooi wees. Die verdrag is nog nie onderteken nie, aangesien dit nog eers voltooi moet word. Dit moet daarna ook nog eers deur die betrokke state bekragtig word.

Die inhoud van die ooreenkoms kom hierop neer: Die besettingstatuut word opgehef sodra die verdrag in werking tree, en die taak van die hoë kommissaris word daarmee beëindig.

### KAN INMENG


In die veiligheidstatuut behou die drie Westerse moondhede slegs sulke regte voor as wat in verband staan met die stasionering en beveiliging van strydmagte in Duitsland en Berlyn en vraagstukke wat die hele Duitsland betref.

**Die Geallieerdes behou die reg voor om op militêre of politieke gebied in te meng wanneer hulle van mening is dat die demokratiese orde in Duitsland deur buite- of binnelandse radikale bewegings bedreig word.** Die Duitse regering sal egter die reg hê om te eis dat die Geallieerdes voor enige stappe gedoen word oorleg met hom pleeg.

Die vraagstuk van die Oder-Neisse-grens sal oorgelaat word aan die uiteindelike vredesverdrag.

Ten slotte het die ministers hul strewe vir die herstel van die Duitse eenheid opnuut te kenne gegee en ooreengekom om die beoogde voorstelle van die V.V.O. te ondersteun waarna ingegaan sal word op die vraag of 'n vrye verkiesing in die hele Duitsland moontlik is.

# SKIETSKILD TER ERE VAN HELDE VAN SPIOENKOP



**Die skild waarvan die foto hierbo geplaas word is geskenk vir mededinging tussen Transvaalse skole op die skietbaan ter nagedagtenis aan wyle kapt. H. F. Slegtkamp en sy twee ontslape makkers, kapt. Jack Hindon en De Roos, skryf dr. H. Slegtkamp, seun van die held van Spioenkop. Hy vervolg: Die hoogtepunt van hul ideaal om land en volk te red het tot uiting gekom met die slag van Spioenkop. Hierdie voorval was een van die hoogtepunte van die driejarige epos. Aldrie was in die buiteland gebore maar het die Afrikanersaak as hul eie aanvaar en alles daarvoor veil gehad.**

Die Hollandse blad, Kennemerland, het op 6 Augustus 1902 die volgende relaas in vergulde letters ter ere van kapt. Slegtkamp gegee:

„Den tweede dag van dien ses daagschen stryd, hebben wy met ons drieen een kop genemen, die zoo erg deur die Engelschen beschoten was, dat onze menschen genoodzaakte werden hem te verlaten. Ek was egter bang dat de Engelschen hem souden bezetten, waarop wy met onzen drieen op af gingen, dwars door de kogels heen. Toen wy er boven op waren hebben wy een paar uur lang al maar snelvuur liggen schieten opdat de Engelschen souden meenen dat de kop vol Boeren was en om de vyand woedend te maken namen wy een Engelschen geweer, bonden daaraan de Transvaalsche vlag en zetten hem boven op onze schans. De uitwerking daarvan was verschrikkelyk.

„Och, och, bommen, maxims, kogels, alles barste om ons heen doch wy bleven het vuur beantwoorden tot den avond toen was onze berg behouden. We hadden egter oogenblikken dat wy geheel onder de zand lagen van de bommen.

„De volgende dag kwamen wy op den slagveld en zagen daar veel treurigs. Stapels lyken van Engelschen soldaten, sommigen geheel verbrand, anderen kop van de romp; ik sal uitscheiden, het was te verschrikkelyk, doch weer gewonnen." (Kapt. Slegtkamp.)

### SIMBOLIEK

In verband met die skild, in die vorm van 'n geweerwiel (ontwerp deur D. Aschenborn), en die sinnebeeld daarvan, skryf dr. Slegtkamp:

Hierdie wiel — 'n egte Suid-Afrikaanse simbool — dien as 'n vriendelike vermaning aan almal om skouer aan die wiel te sit en sodoende 'n gedugte span en 'n volk te help opbou. Hiervoor word inspanning en harde werk geverg.

Die simboliese voorstelling van ons skild is, nl. spangees en 'n bewustheid vir verantwoordelikheid teenoor mekaar. Hout is warm en vriendelik en die houtgedeelte stel derhalwe vriendskap en hartlikheid onder mekaar voor — die spangees wat die spanlede bymekaar hou.

Die gewere wat as speke dien, stel die lede van die span voor. Iedere lid van die span dra 'n groot verantwoordelikheid op sy skouers. Alleen deur samewerking kan so 'n span van krag tot krag groei.

Die naaf is die middelpunt waarom alles draai. Hierdie middelpunt is die leier, of die afrigter. Met 'n bekwame leier aan bewind is die wedstryd al half gewonne.

Nou bly daar nog die ysterband oor. Yster is koud en hard en dit stel derhalwe die reëls en regulasies voor. Sonder hierdie ysterband sal die struktuur so swak wees dat die wiel inmekaar kan val sodra die weg moeilik word.

Die wiel as 'n geheel, stel dus nie alleen ons ideaal en samewerking op die skietbaan voor nie, maar ook algehele samewerking vir „Land en Volk."

# UITSLAG VAN KOMPETISIE

Die uitslag van die einde van die tweede (en laaste) ronde van die Spioenkopskild-kompetisie vir 1951 is as volg:

Hoër Seunskool Helpmekaar, 1ste span — 4,546 (uit 'n moontlike 4,800).

Hoër Seunskool Helpmekaar, 2de span — 4,491.

Hoogenhout - Hoërskool (Bethal) — 4,424.

Middelburg - Hoërskool — 4,410.

Die prys vir die hoogste individuele puntetelling gaan aan W. L. Betz (Helpmekaar-Hoërskool), met 'n puntetelling van 768 uit 'n moontlike 800, gevolg deur L. de Wet, 766 tweede, P. Botes, 765 derde (albei van Helpmekaar) en J. H. de Plessis (Hoogenhout - Hoërskool) met 762 vierde.

**Drankmisbruik** kos Suid-Afrika jaarliks tussen £30,000,000 en £50,000,000 volgens bereken word. Ongeveer 45,000 blankes in ons land is misbruikers van drank en elkeen van hulle beïnvloed die lewe van 16 tot 20 ander mense.

# Sowjet Kan Bekostig om oor Vrede te Praat

**Rusland het verlede week sy skuif gedoen teen die Weste se vredes-teenoffensief deur 'n aankondiging van Wisjinski in die V.V.O. dat Rusland bereid is om samesprekings met Amerika, Brittanje en Frankryk te hou oor algemene ontwapening. Hy het ook te kenne gegee dat Rusland 'n internasionale ondersoek na alle atoomkrag-ondernemings sal aanvaar mits dit onder toesig van die Veiligheidsraad geskied.**

Diegene wat in gedagte hou wat die oogmerke van die kommunisme is — wêreldrevolusie deur die proletariaat met behulp van enige magsmiddel — soek nie die vredesduif in Moskou nie. Die voorstel van die Weste om 'n ooreenkoms oor ontwapening te bereik is dus beskou as 'n blote propagandaset teen Rusland, en die antwoord van Wisjinski is ook maar 'n teenset, en verteenwoordig nie Moskou se begeerte en strewe nie.

Wat hoop Moskou om met hierdie set te bereik?

Daar is sekere feite wat lig op die antwoord kan werp:

● Onderwyl Rusland tot die tande toe bewapen het in die afgelope paar jaar het hy 'n wêreldwye vredesoffensief geloods waardeur die wil van die Westerse volke tot verset teen Moskou se imperialisme kragtig ondermyn is. **Die nuwe voorstel vorm deel van hierdie vredesoorlog en is bedoel om die Westerse volke nog verder aan die slaap te sus.**

● **Om toe te stem tot samesprekings oor ontwapening beteken nog lank nie dat ooreenstemming daaroor bereik sal word nie.** Intussen wen Rusland tyd en daar is waarnemers wat meen dat tyd aan Rusland se kant is. Korea bied 'n voorbeeld van uitgerekte samesprekings met kommuniste wat al ses maande lank voortsleep.

● **Waar Amerika alleen vir 'n tydperk van vier jaar byna net soveel aan bewapening bestee as wat die twee wêreldoorloë hom gekos het, sal die ekonomiese gevolge van hierdie enorme uitgawe dieselfde wees as dié van 'n groot oorlog al word die wapens nooit gebruik nie. 'n Depressie in die Westerse lande wat daarop moet volg, is vir die Russe miskien nog gunstiger as 'n oorlog wat hulle kan wen.** Die samesprekings hoef maar net 'n bietjie langer uitgerek te word as dié in Korea om die gewenste resultaat vir Moskou te verkry.

● Uitskakeling van atoomwapens, waarop Amerika 'n groot voorsprong geniet, kan waarskynlik Moskou se eerlike begeerte op die oomblik verteenwoordig, aangesien hy deur baie waarnemers tans beskou word as die sterkste moondheid in die lug, op die land en onder see. **Word atoomwapens uitgeskakel — waaraan Amerika honderde miljoene dollar van sy verdedigingsbegroting bestee het — sal die skaal nog meer in die guns van Rusland swaai. En dan kan samesprekings oor algemene ontwapening ook maar misluk.**

Die vredes-teenoffensief van die Westerse politici sal spoedig blyk 'n lompe flater te wees — soos trouens reeds al in Die O.B. beklemtoon is.

**Wat vir die Weste bevorderlik sal wees is nie vredespraatjies wat net die ore van hul eie volke bereik nie, maar 'n vryheidsbelofte aan die volke agter die Ystergordyn — langs elke moontlike weg.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Karkasse En Nie Vee Moet Stede Toe Gaan

Vee behoort geslag te word by die produksiesentrum en nie by die verbruikersentra nie, is die standpunt van boere in Noord-Kaapland, het mnr. A. D. Butler op 'n konferensie te Kimberley gesê. Waar daar tans vyf trokke nodig is om vee lewendig na die stede te vervoer, sal daar net een nodig wees indien dieselfde aantal karkasse vervoer word.

(Hierdie beleid is dikwels al in Die O.B. bepleit.)

# Smelt Nie Saam Sê Hoofbestuurslid

**Hy het besluit om nie lid te word nie van die nuwe Nasionale Party wat tot stand gekom het as gevolg van die samesmelting van die H.N.P. en die A.P., het mnr. J. G. Benade, lid van die hoofbestuur van die voormalige Afrikanerparty en burgemeester van Bloemfontein, verlede week verklaar. Hy het gesê dat hy hoegenaamd nie bereid is om 'n handlanger te word van die „professionele politici wat baasspeel in die Nasionale Party nie."**

„Deur die samesmelting van die twee partye is geen vordering gemaak op die pad na ware volkseenheid nie," sê mnr. Benade. „Dit word bewys deur die feit dat slegs die volksraadslede en senatore van die Afrikanerparty en 'n handjievol gewone lede van die party ingesluk is deur die Nasionale Party. Met ander woorde, 'n klein minderheid van die Afrikanerparty het hulle onvoorwaardelik aan die Nasionale Party-masjien oorgegee.

„Hulle sal geen seggenskap in die nuwe party hê nie en die betrekkinge tussen die twee partye in die verlede gee weinig hoop dat reg sal geskied aan die lede van die voormalige Afrikanerparty."

### PARTY BO VOLK

Mnr Benade het gesê dat hy streef na ware volkseenheid en nie na die politieke samesmelting van die Afrikanerdom nie. „Die Nasionale Party stel die leierskap van die witman in Suid-Afrika in gevaar omdat hy die party se leierskap bokant die witman se leierskap plaas."

„Ten slotte wil ek aan my mede-Suid-Afrikaners sê," aldus mnr. Benade, „dat dit my diep grief om te sien hoedat die mate van eenheid wat in die verlede opgebou is tot op die grond toe afgebreek word deur mense wat die party bokant die volk plaas en halsstarrig 'n beleid van wit apartheid volg.

„**Die Afrikanerparty het vir my en ander wat soos ek dink in die steek gelaat."**

## Lord Begeer Nie-Blankes Vir Australië

'n Pleidooi dat Australië sy deur moet oopgooi vir nie-blanke immigrante ten einde die arbeidstekort op plase en in huise te verlig, is deur lord Hardwicke gelewer. Hy het betoog dat die Australiese geboortesyfer gestrem word deurdat huisvroue te hard moet werk. Die invoering van nie-blanke huisbediendes sal die blanke bevolkingsgroei op natuurlike wyse laat toeneem!

In antwoord hierop het die Australiese minister van immigrasie gesê dat Australië sal voortgaan om die deur gesluit te hou vir nie-blankes. Die regering het verslae ontvang wat toon dat Suidoos-Asië begrip het vir die land se beperkende immigrasiebeleid.

### ANDER SE MENINGS

(Vervolg van bladsy 4 kolom 5)

der party probeer om daar te kom. Om hulle doel te bereik bely hulle kamtig vaderlandsliewende doelwitte, maak hulle gebruik van rassehaat, en saai hulle agterdog tussen Afrikaans- en Engelssprekendes ten einde onderlinge wantroue aan die gang te hou.

**„Daar is net een oplossing. Die publiek moet self nouer onderlinge kontak bewerkstellig; hulle moenie notisie neem van propaganda nie; en hulle moet vir hulleself dink. Daar is in der waarheid geen verskil tussen die partye nie — behalwe denkbeeldige verskille. Wat ons nodig het is 'n bekwame ‚beste-man'-regering en 'n anti-partyblok om dit daar te stel. Dan sal ons iets bereik."**

# VERWAG VERVROEGDE VERKIESING

**Sowel adv. Oswald Pirow as mnr. Harry Lawrence voorspel 'n vervroegde algemene verkiesing — die een omdat die Appèlhof die Kleurlingwet in konstitusionele orde sal vind en die ander omdat die Appèlhof dit nie sal doen nie. Mnr. Pirow voorspel tewens ook 'n koalisie met die „Sappe."**

„In die politiek is dit altyd gevaarlik om te voorspel maar daar is ongetwyfeld tekens wat aandui dat 'n verkiesing nie baie ver is nie. Trouens, as dr. Malan nie binne die volgende ses maande 'n beroep op die volk doen nie, sal sy posisie aansienlik verswak," skryf adv. Pirow se Nuusbrief.

„Ons veronderstel natuurlik dat die appèlhof die beslissing van die Kaapse Provinsiale Afdeling sal handhaaf, waarvolgens die Kleurlingwet bekragtig is. Deur die skrapping van tienduisende Kleurlingstemme van die blanke kieserslys sal die bestaande nasionale setels in die Kaap doodveilig vir die H.N.P. gemaak word.

„Ons verwag 'n algemene verkiesing binne ses maande," lui die Nuusbrief voorts „en ons verwag dat die regering die eleksie gaan wen, alhoewel hulle meerderheid miskien sal daal. Ons verwag verder dat na die oorwinning by die stembus dr. Malan sal aftree as eerste minister en dat daarna ontwikkelinge sal volg wat waarskynlik tot 'n koalisie-regering met die Sappe sal lei."

### „DONKER SKADUWEE"

Daar is onmiskenbare tekens dat lede van die Nasionale Party-regering pynlik bewus word van die onverbiddelike verloop van die tyd. Die donker skaduwee van die volgende algemene verkiesing kan reeds op die gesigseinder bespeur word, skryf mnr. Harry Lawrence, vooraanstaande Verenigde Party-leier, in die Cape Argus. Nog skaars vyftien maande en die dag van afrekening is vir die nasionaliste daar.

Mnr. Lawrence verklaar dat 'n bevinding van die Appèlhof dat die aanname van die Kleurlingwet in stryd is met die grondwet, die datum van die algemene verkiesing aansienlik kan vervroeg. Dit is sy mening dat die ervare politieke taktikus moet rekening hou met hierdie moontlikheid.

# VOLKSVERHUISING NA SUID-RHODESIË UIT UNIE

**Die bevolking van Rhodesië deur Unie-burgers het vir die eerste nege maande hierdie jaar nog steeds voortgeduur ondanks stremmende maatreëls van die Suid-Rhodesiese regering in sy poging om Afrikaner-invloed in die kolonie tot 'n minimum te beperk.**

**Allesesame het daar gedurende die nege maande 13,858 immigrante Suid-Rhodesië binnegegaan van wie 8,271 die Unie van Suid-Afrika aangegee het as hul laaste permanente verblyfplek. Van hulle was 6,902 in die Unie gebore vergeleke met 6,263 gedurende dieselfde tydperk verlede jaar.**

In September, die laaste maand waarvoor syfers beskikbaar is, was 42 persent van die Rhodesiese immigrante mense wat in die Unie gebore was, terwyl meer as 50 persent blywend in die Unie gewoon het voor hul verhuising.

Slegs 4,480 van die totale aantal immigrante het Groot-Brittanje as hul laaste permanente verblyfplek aangegee.

**Volgens syfers wat so pas in Pretoria verstrek is, het daar gedurende die eerste nege maande 12,208 blankes die land verlaat teenoor 11,027 wat die land binnegekom het. Teenoor 508 nie-blankes wat die Unie binnegekom het, het slegs 133 die land verlaat. Daar is dus 'n verlies aan blankes en 'n aansienlike wins aan nie-blankes op die Unie se bevolkingstaat.**

Die stroom uit die Unie na Suid-Rhodesië sal waarskynlik in die toekoms aansienlik afneem weens die jongste beperkende maatreëls wat vereis dat 'n immigrant vooraf 'n permit moet ontvang voordat hy in die kolonie kan gaan woon. Dit was veral gemik teen die instroming van Afrikaners, en die uitwerking daarvan sal in die volgende maande wel merkbaar wees.

## Masjien Kruip Soos Mol Ondergrond

**Hoewel Russiese aansprake met heelwat sout geneem moet word, is die aankondiging in die Russiese tydskrif, Smena, dat 'n „ondergrondse skip" deur 'n ingenieur, Alexander Trevelev, uitgevind is, interessant.**

**Die berig meld dat die uitvinding die resultaat van 'n nuwe wetenskap — „terradinamie" — is wat hom besig hou met ondergrondse beweging.**

Die masjien wat glo in die Ural op die proef gestel is, werk op dieselfde wyse as 'n mol. Dit grawe ondergrondse tonnels en druk terselfdertyd die los grond vas teen die wande van die tonnels. Met die eerste toets het dit vyftien voet onder die grond 'n horisontale tonnel gegrawe.

Die masjien, aldus die blad, sal gebruik word om ondergrondse kabels en pype te lê sonder om die oppervlakte te verstoor of die verkeer te belemmer. Daar word voorspel dat dit in die toekoms vir ondergrondse vaart en aardkundige prospekteerdoeleindes op groot diepte aangewend sal word.

## Middel Teen Dranklus

'n Hulpmiddel teen dronkenskap wat in Denemarke ontwikkel is en bekend as Antabuse, is so pas vir algemene gebruik op voorskrif van dokters in Amerika op die mark gebring. **Die uitwerking is dat die drinker 'n groot afkeer aan drank kry, maar dokters waarsku dat dit op sigself nie genoeg is om dronkenskap te genees nie. Sielkundige behandeling moet gepaard gaan daarmee.**

'n Amerikaanse dokter wat 149 pasiënte met die middel behandel het, het bevind dat die helfte van hulle heeltemal van die drank afgeraak het, terwyl 'n kwart goeie vordering maak. Hy beklemtoon egter dat die middel gevaarlik is en die dood kan veroorsaak indien onoordeelkundig toegepas. Dit is dus nie raadsaam vir vroue om sonder doktersadvies 'n bietjie van die middel in die man se koffie te gooi nie.

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede